

6 Augustus: Die dood is die begin. – Jan van der Watt

1 Kor 15:50-58 (fokus 15:50-58)

Die idee van die dood maak ons almal maar so bietjie bang, veral omdat dit so finaal is. As jou tyd hier op aarde verby is, is dit verby. 'n Tweede kans is daar nie. Maar dinge het verander die dag toe Jesus uit die dood opgestaan het. Daar het God gewys daar is 'n tweede kans. Hy het met die dood klaargespeel.

Mense het die dood as die einde van die pad gesien. In die Ou Testament het selfs God nie eers meer in die dooies belanggestel nie. Hy was 'n God van die lewe en lewendes. Solank jy geleef het, was jy by Hom, maar as jy sterf het jy in die doderyk afgesak, weg van Hom af. Daar kon jy ook nie meer God soek of tot bekering kom nie, want Hy was by die lewendes. Dit was die krag of "angel" van die dood (Afrikaanse vertaling) waarvan Paulus praat (15:55). As jy eers eenmaal in die dood se mag was, was jy vir altyd daar, of so is daar gedink.

Dit is waarom Jesus spesifiek uit die dood moes opstaan. Hy moes wys God se krag hou nie op by die grens van die lewe nie. God se krag strek verder tot in die dood. Hy kan in die doderyk instap en gaan uithaal wie Hy wil. Niks gaan Hom keer nie. So gaan haal Hy vir Jesus uit... en so gaan Hy elkeen wat aan Hom behoort ook uithaal. Dit is wat daarmee bedoel word dat Jesus die dood oorwin het. Die dood het nou nie meer enige krag of invloed nie – die krag behoort aan God (15:54)

Jesus het die idee dat die dood die einde is, in 'n mite kom verander. Nee, vir 'n gelowige is die dood net die begin. Die begin van 'n wonderlike lewe saam met God.